Moorde en geweld in SA

Langs hierdie weg wil ons graag ons innige simpatie en meegevoel met alle slagoffers van plaasaanvalle betuig. Nie alleen is die verlies van geliefdes onbeskryflik nie, maar laat die gewelddadige wyse waarop hierdie moorde plaasvind, tans ook diep psigologiese letsels op ons samelewing. Die vlaag van geweld moet eenvoudig gestuit word.

Tog verdien die situasie ook 'n groter perspektief

Daar het volgens die TLU se syfers sedert 1990, 1921 plaasmoorde plaasgevind. In 2016 alleen het daar egter 18 000 moorde in SA plaasgevind.

In die Wes-Kaap was daar hierdie jaar reeds vyf plaasmoorde, maar in Nyanga alleen meer as 270 moorde en in SA as geheel vind daar 50 moorde per dag plaas! Die hartseer van 'n moeder ken geen kleur nie.

Ons dink aan die talle kindermoorde op die Kaapse Vlakte. Ons dink aan bende slagoffers, slagoffers van kapings, verkragtings en veel meer.

Kaapstad word tans volgens Business Insider as die 13e mees gewelddadige stad in die wêreld gereken. Vir talle inwoners beteken die syfer nie veel nie, omdat die oorgrote deel van die geweld by ons verbygaan. Tog kan ons dit nie langer ignoreer nie.

Daarom die volgende:

Ons is oortuig dat openbare protes, soos die dra van swart klere, nie genoeg is nie. Ons het al vir baie lank "Black Thursday" wat protes aanteken teen geweld teen vroue en kinders. Dit lyk nie of ons die stryd wen nie.

Die volgende voorstelle word dus aangebied vir oorweging:

Wat nou in SA nodig is, is dat persone van oor die kleurgrens vir MEKAAR begin opstaan en ons nie alleen ons eie sektorale belange beskerm of verdedig nie.

Sien bv Thom Thamaga, lid van die Western Cape Ecumenical Network en pastoor in Khayelitsha, se Whatsapp die week (Sien onder).

Verder hoop ons om 'n strategiese beraad te reël waar al die rolspelers saam om die tafel kan sit om konkrete aksiestappe te beraam. Die kerk behoort so iets te kan fasiliteer en voogdyskap te aanvaar vir die proses om seker te maak dat dit nie in die sand uitloop nie. Voelers is reeds na die Wes-Kaapse se regering in die verband uitgesteek en ons hoop om spoedig hieroor te kan verslag doen.

"The killing of the farmers in South Africa is worrying and the silence of our government is deafening, the utterances of some of the politicians are not helping more than they are fueling the fire of bitterness, hatred and unforgiveness which could be a clear motivation behind farm murders in this country. I am not in any way making light of the fact that this country as a whole is infested with murder crimes both in the farms and the townships. What's happening in townships is a clear failure on the part of our justice system and the changing laws that seems to favour the criminals more than the good citizens. The police are clearly powerless in combating crime and our politicians are in denial to the fact that our country is at war with criminals who are armed to their teeth whilst the army is in holiday. The

killings in the townships, Cape flats etc is a clear failure and neglect on the part of our government. It should be the responsibility of every citizen to stand up and do something about crime and if need be take the government to court for failing to protect its citizens. But the killing of our farmers is clearly motivated by unforgivess, hatred, anger bitterness fuelled by some politicians and the silence of our government. Killing of farmers is tantamount to a national suicide and should be condemned by those who want to be alive tomorrow. We need a doctor, a dentist maybe once in a lifetime but we need a farmer at least three times a day for breakfast, lunch and dinner.

On Monday I'll be joining in the struggle of our farmers while praying with all the families who've lost their loved ones both on the farms and townships, everywhere in this country due to murder."

Thom Thamaga, Without Walls Khayelitsha